

**15 Mei**

**Matteus 14:22-33, (Teks: 14:23, 24)**

***Terwyl ons worstel hou die Here wag***

Nadat die Here Jesus vyf duisend mense gevoed het, stuur Hy hulle in 'n skuitjie weg. 'n Storm steek op en hulle is in gevaar om te vergaan. Waarom maak die Here so met hulle? Dit is om hulle iets te leer. Nadat hy die skare gevoed het, wou hulle Hom met geweld tot koning kroon in Jerusalem. Die dissipels is ook deur hierdie opwelling meegesleur. Hy wou hulle leer dat sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Daarom stuur Hy hulle weg en bly self agter om te bid. So soek Hy versterking vir homself en bid vir sy dissipels dat hulle verlos kan word van hulle aardsgesindheid. Later gaan Hy na hulle toe om hulle te troos. Selfs dan verstaan hulle nie, maar sien Hom vir 'n spook aan.

Ons lewens is ook so. Ons glo in die Here Jesus en behoort aan sy Kerk. Maar wat beteken dit om elke dag as Christen te leef? Bly ons nog steeds aardsgesind asof hierdie stoflike dinge - politiek, daaglikse brood, die een en al van ons lewe is? Die Here wil ons ook leer en Hy doen dit deur ons in storms in te stuur.

En tog het ons die heerlike troos. Die Here laat ons nie reddeloos in ons stryd nie. Christus is ons voorspraak. Selfs na sy Hemelvaart tree Hy steeds as Hoëpriester op. Hy kan volkome red en Hy doen dit ook aan hulle wat tot Hom bid, omdat Hy vir altyd leef en vir ons intree.

Sing: Psalm 46:1

Dr. P. Krüger (Kuruman)